9 April 2020

Beste Ouers

Die aansoekproses vir gr. R-2021 sal vanaf 14 April 2020 tot 31 Mei 2020 oopgestel word.

As gevolg van die "lockdown" gaan die aansoekproses soos volg werk:

- Ouers kan aansoekvorms van die webtuiste (www.laerskoolfairland.co.za) aflaai. Die aansoekvorms sal vanaf Dinsdag 14 April op die webtuiste beskikbaar wees.
- Die aansoekvorms moet asb. duidelik en volledig voltooi word.
- Aansoekvorms kan na voltooiing aan karen@laerskoolfairland.co.za gestuur word.
- Nadat die "lockdown" verby is, sal ons ouers wat aansoekvorms gestuur het, gevra word om die ondersteunende dokumentasie by Karén Reyneke by skool te kom inhandig.
- Ouers sal dan 'n nommer ontvang asook 'n bewys dat ondersteunende dokumentasie ingehandig is. 'n Tydelike nommer sal uitgereik word indien die ondersteunende dokumentasie nie volledig is nie.

LET WEL: GEEN ONDERSTEUNENDE DOKUMENTASIE MOET SAAM MET AANSOEKVORM GESTUUR WORD NIE!

Die ondersteunende dokumentasie wat **na** "lockdown" **per hand** ingehandig moet word, is soos volg:

- Afskrif van geboortesertifikaat van leerder;
- 'n Onlangse ID-foto van leerder;
- Afskrif van leerder se Kliniekkaart;
- Afskrif van **beide** ouers se ID-dokumente;
- Bewys van werk- en/of woonadres. **Huurkontrakte moet gewaarmerk wees**.

KRITERIA

Vir A-lys: Reeds boetie/sussie in Laerskool Fairland. **(LET WEL: Proses MOET gevolg word – huidige ouers moenie aanneem omdat daar reeds 'n boetie/ sussie in die skool is, die aansoekproses nie nodig is om gevolg te word nie en dat daar plek gehou sal word.)**
Binne voedingsarea woon of binne voedingsarea werk.

Vir A-waglys: Indien aansoek ontvang word nadat klassies reeds vol is, sal leerder se naam op A-waglys geplaas word (indien aan kriteria vir A-lys hierbo voldoen).

Vir B-lys: Voldoen aan geen van bogenoemde kriterium-punte nie.
Ons moedig egter ouers aan om nog steeds by Laerskool Fairland aansoek te doen.
Ouers moet asb. net sorg dat hul 'n Plan B in plek het (ook by ander skole aansoek doen) ingeval ons nie die leerder by ons kan plaas nie.

Alle korrespondensie sal per e-pos geskied. Ouers behoort teen einde Mei inligting in verband met hul aansoeke van die skool te ontvang.

Vriendelike groete

KARéN REYNEKE
AANSOEKE 2021

WILLIE GOOSEN
HOOF